

SA Braford

Nuusbrief

Oktober 2019



Inhoudsopgawe

	BLADSY
1. Ken Mekaar - Wessel Wessels	2 - 3
2. Uit die Admin Kantoor - Marguerite	3
3. Webwerf - Lisa	4 - 5
4. Afronding in Voerkraal - Johan Mouton	6 - 9
5. Alfa Week: Parys: Jan van Niekerk	10 - 12
6. Ons Vennote: Morgenzon Akademie	13
7. Ons Vennote: Ceva	14 - 16
8. Advertensies	17
9. Nuusbrokkies	18
10. Beplanning Kalender : 2020	19

Ken Mekaar: Wessel Wessels

Vise President

Wessel boer steeds op sy groot word plaas, Platkop, Ventersburg.

Hy het sy skoolloopbaan in Senekal begin en aan Grey Kollege in Bloemfontein gematrikuleer. Na skool het hy sy Nasionale Diensplig by die Mediese Diens Korps gedoen.

Daarna het hy 'n B Comm graad met Landbou Ekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch, voltooi. Hy het Oktober 2000, voltyds saam met sy overs begin boer. Die vertakkings was Vleisbeeste (Braford en Hereford), Wolskape (Merino), Angorabokke en 'n Melkery (Holstein).

Die Angorabokke en Melkery is mettertyd uitfaseer.

Die Braford kudde het ontstaan uit die Hereford kudde. In 1984 het sy pa met die hulp van Dr Herman Venter, kudde konsultant sedert 1972, twee rooi Brahman bulle by 'n Dr Odendaal naby Pretoria gekoop. Die eerste "Braford" kalwers is dus in 1985 gebore. Die eerste twee verse het 14 jaar oud geword en elk 12 kalwers gespeen. Mettertyd is ook Brahman koeie ingekoop om die genepoel effe te diversifiseer. Hulle het lank alleen geteel sonder dat hulle bewus was van ander telers. Stefan van Wyk, vader van die Braford Genootskap, het hom ingelig van ander telers. Sy eerste "buite" bul is van "de Jager Braford's" gekoop en sedertdien het hy genetika van al die gevestigde kuddes gebruik.

In die vroeë 2000's is ook semen vanuit Australie ingevoer. Hierdie nuwe genetika het nie net vars bloed, maar ook sy eie uitdagings gebring.

Wessel is met Sunette getroud, 'n Wiskunde onderwyseres en Departements hoof aan Senekal Primere skool. Daar is vier kinders uit die huwelik gebore.

Carla, 'n radiografis, is al byna selfversorgend. Helen 'n student aan die UVS, Laura 'n matriek leerder aan Voortrekker Bethlehem en Wessel 'n leerder aan Grey Kollege in Bloemfontein.

Wessel glo dat die ras in elke provinsie in die land kan gedy en tot voordeel vir die boere sal wees. Ekstremes moet vermy word en boer saam met die natuur.

Die Braford met sy wit bles is 'n vars bries in 'n see van rooi beeste in die land. Die kenmerk kan en moet ook as 'n bestuur "instrument" gebruik word. Jou omgewing sal oor tyd jou diere vir jou "selekteer". Boere is "prysnemers", die enigste manier om meer winsgewend te wees, is om kostes te sny. Die Braford is die ras wat dit vir jou kan doen.



Uit die Admin-Kantoor: Marguerite

Kalfgeboortes/Aanmeldings

Dit is baie belangrik dat alle kalwers van aktiewe geregistreerde vroulike diere aangemeld word. Aborsies asook kalwers wat na geboorte dood is, moet aangemeld word sodat die moeder se tussen kalwings periode reg is. Onthou asseblief om die kalf se geboortegewig te neem.



Kalwers moet voor ses maande na geboorte aangemeld word om 'n boete te vermy.

By die aanmelding van kalwers is dit belangrik om al die inligting volledig aan die kantoor deur te gee. Hiervoor kan die Excel geboortekennisgewing vorm gebruik word. Daar is ook sekere stoetteel programme wat vir die doel gebruik word. Maak asseblief seker dat daar geen nulle tussen die jaartal en die kalfnommer is nie.

Marguerite Fouche

Webwerf Nuus: Lisa

Lisa Verwey

Oktober 2019

Lisa het grootgeword op 'n plaas in die distrik Christiana, as dogter van kommersiële Beefmaster boere. Na skool studeer sy Webontwikkeling, waarna sy as Web Meester van SA Stamboek in Bloemfontein aangestel is. Hier hanteer sy die ontwerp en bestuur van 100+ webwerwe vir genootskappe en telers oor alle rasse. Sy het later die senior data-ontleder van die Simmentaler en Simbra Genootskap geword, waar sy die werksaamhede vir stoettelingsanalise bemeester het. Die gedeelde passie vir diere, tegnologie, ontwerp en fotografie is tot dusver baie nuttig in haar loopbaan bewys. In haar vrye tyd toer sy graag die wêreld met haar kamera en merk ervarings van haar "bucket list" af.





SA Braford webblad statistiek.

Daar was 192 besoekers aan die webwerf gedurende September 2019 waarvan 35 van sosiale media af kom, 119 deur Google en 40 het direk na die webwerf gegaan. Besoekers spandeer ongeveer 02:56 minute op die webwerf en kyk na 3 bladsye gedurende hul besoek.

Meeste besoekers kom vanaf:

- Suid-Afrika
- VSA
- Lesotho
- Brazilië
- Die Phillipyne

Die bladsye wat die meeste aandag gekry het was:

1. Tuisblad
2. ALFA Expo program 2019
3. The Braford > Database
4. Auctions > Pamphlets
5. Auctions > Catalogues
6. The Braford > Voerkraal Vleiskwaliteit Projek
7. The Braford
8. Newsletter (nuutste een)
9. Auctions > Results
10. Auctions

Afronding in Voerkraal:

Effek van V.O.V (Voer Omset Verhouding)

- GDT 1.79 kg / day (Gemiddelde Daaglikse Toename)

- V.O.V 5.88

Beste V.O.V.

- GDT 1.91 kg / day

- V.O.V 4.67

Slegste V.O.V

- GDT 1.34 kg / day


- V.O.V 7.8

@ Voerprys R2000 / ton

- Voerkoste verskil R 1250 om 200 kg massa by te sit

Gebruik goeie genetika!

Moontlike oorsaak 2



Verandering in waterkwaliteit?

Rantsoen verwante voedingsteurnis

Asidose (suurpens) kos ons baie geld






Sekondêre Asidose probleme

Asidose nr.1 probleem in voerkraal
Bestuur dit aggressief
Genoeg ruvoer & geleidelik aanpas
Meng goed
Wel bestuurbaar !!





Te warm rantsoen



Wat van "Flouer Rantsoen"





	Persentasie Insluiting		
	Groen	Rooi	Grys
Beesvet 33+	6%	15%	0%
Meester 20	0%	0%	6%
Melassemeel	12%	8%	13%
Mieliemeel	62%	68%	48%
Hooi	19%	9%	32%
Totaal	100%	100%	100%

Droog			
Proteïen	10%	13%	9%
TVV	81%	83%	77%
Effektiewe Vesel	23	13	36

Wat laat hom groei?

- 13 % Proteïen
- 80 % Energie
- 10 % vesel
- 30 gram fosfaat
- 60 gram kalsuim

Alfa Week Parys:

Jan van Niekerk



17 - 19 SEPTEMBER 2019
Afridome | Parys

BAIE DANKIE AAN Jan Meaker van Meaker Braford's vir die vertoon van Braford Bul, Koeie met Kalwers, Verse en Money-maker koei (9 en meer kalwers)



ALFA SLAG-OS KOMPETISIE

BRAFORD slag-os van Theuns & Marlene de Jager weeg 756 kg - slaggewig. Wen die groep van 4 osse en 2de en 3de in slagos. Baie geluk en baie dankie aan die Nooitgedacht Braford stoet!!



Alfa 2019

Tydens SA Braford se Algemene Jaarvergadering in 2019, is daar besluit om deel te neem aan Alfa 2019. Ons betrokkenheid in 2018 het gelei tot heelwat belangstelling en navrae oor ons ras.

Die Braford familie het ingespring en die geleentheid benut om ons ras en sy eienskappe wyer bekend te stel. Dit het begin met die voorbereiding van diere wat daar vertoon sou word.

Mnr Flaf Lauwrens en sy gade Mynie, was die ankers van ons uitstalling en saam met ons vennoot Morgenzon Landbou Akademie met sy entoesiastiese leerlinge, personeel en ouers het ons stalletjies uitgestaan. Besoekers is nie net getrek deur ons keurige stalletjie nie, maar ook deur ons ras direkteur, mnr Flaf Lauwrens, n bekende in beeskringe, met jare lange betrokkenheid by beesboerdery in ons land. Braford aandenkings en aankope het gesorg vir tevrede glimlagte by ons besoekers oud en jonk

Daar is ywerig fotos geneem van ons diere wat verskaf is deur ons president; Mnr Jan Meaker, Mnr Theuns de Jager en Morgenzon Landbou Akademie. Hierdie diere het uitstekend gevaar in die onderskeie kompetisies waaraan hulle deel geneem het.

Die adreslys vir ons nuusbrieff het gegroei n.a.v besoekers wat versoek het om ons nuusbrieff te ontvang. Mnr Jan Meaker se ervaring het duidelik navore getree in n ondehoud waartydens hy n bydrae gelewer het ter bevordering van ons ras. Mnr Jan Meaker is die seun van een van ons gewaardeerde stigterslede, Dr Johan Meaker.

Op sy beurt het Mnr Flaf Lauwrens die evaluering en bespreking van die Braford behartig.

By Alfa 2019 was daar iets vir elkeen, met uitstallings van verskaffers van elke moontlike vee verwante produk. Werkswinkels, inligtingsessies, demonstrasies en die jeugskou was n paar van die hoogtepunte op die program. Verskeie kosstalletjies het keuses gebied aan diegene wat honger en dors geraak het tydens hulle besoek. Die uitstallers, diensverskaffers en personeel, betrokke by die organisering van Alfa 2019, verdien n pluimpie vir hulle organisasie en harde werk.

Dit was n voorreg vir die Braford Beestelersgenootskap om deel te wees van die grootste uitstal geleentheid, vir vee in Suid-Afrika

Jan van Niekerk

Ons Vennote: Morgenzon Akademie



– Alex Wehmeyer

Morgenzon Landbou Akademie het weer vanjaar gaan deelneem aan die Alfa skou in Parys. Die doel van die kompetisie is om die Alfa landbouskool van die jaar te wen. Ons kan met trots sê dat Morgenzon 2de plek behaal het. Kompetisies waaraan ons deelgeneem het sluit die volgende in. Skole uitstalling waar ons 3de plek behaal het, vasvra kompetisie waar ons 1ste plek behaal het, Jeugskou 3de en 5de plek en PowerPoint presentation 3de plek.

By ander kompetisies waar die skool betrokke was, onder andere slagos en kuilvoer kompetisie, het ons 1ste plekke behaal. Ons het vanjaar ook saam die Braford's telersgenootskap ons diere uitgestal.





Sinkronisasie van Oestrus in Vleisbeeskoeie en –verse: 4 Kritiese Punte vir sukses met Vaste Tyd Kunsmatige Inseminasie

Dr Willem A. Schultheiss

Tel: 082 323 7019

Die doelwit is nie net om die vleisopbrengs per hektaar van die onderneming te verhoog nie, maar ook om meer konsepsies met voorkeur bul(le) te verkry. Dit is belangrik om te besef dat persentasie konsepsie, dragtigheidspersentasie en kalf persentasie nie dieselfde is nie. Met oestrussinkronisasie, gevolg deur vaste tyd kunsmatige inseminasie (VTKI), streef ons om die hoogste fisiologies moontlike konsepsie persentasie te behaal. Daarna kan vroeë- en laat embrionale verliese asook aborsies lei tot 'n laer kalf persentasie as wat die oorspronklike konsepsie persentasie was

Hier volg 'n kort opsomming van o.a. 4 belangrike kontrole punte om sukses te help verseker.

1. Stiptelike uitvoering van die korrekte **sinkronisasie protokol**: Hier is geen kort paaie nie. Tyd en dosis van hormoontoediening is van kritiese belang en behoort stiptelik nagevolg word. Protokolle verskil vir verse en koeie, *Bos indicus* en - *taurus*, stadium na kalwing (oop periode), siklisiteit en onder warm weerstoestande. Dit behoort dienooreenkomstig aangepas te word. Die gebruik van **Prid®Delta** (Reg. no. G4037; Wet 36/ 1947) as intra-vaginale toestel saam met 'n estrogen-gebaseerde protokol met Prostaglandiene het al baie goeie resultate gelewer. **Prid®Delta** verseker hoë plasma progesteroonvlakke tydens dominansie van die follikel en help om die risiko van tweeling te beperk. Die leser staan dit vry om met die outeur in hierdie verband te skakel.
2. **Vroulike vrugbaarheid**: Slegs verse wat reeds puberteit behaal het (siklies is) en koeie wat besig is om in kondisie toe te neem behoort vir sinkronisasie oorweeg te word. Vroulike vrugbaarheid word hoofsaaklik bepaal deur die kwaliteit van die eiersel wat ge-ovuleer word na inseminasie. Voedingsteurnisse of oormatige kondisieverlies ongeveer 90-120 dae voor verwagte konsepsie sal lei tot 'n minderwaardige eisel wat nie bevrug raak of, indien bevrug, lei tot vroeë embrionale afsterwe. Die balans tussen fermenteerbare koolhidrate en rumen degradeerbare proteïen in die totale dieet (weiding en aanvullings ingesluit) en die voorkoming van tekorte (veral die anti-oksidadant spoorelemente) is belangrik. Skakel met 'n Voedingskundige in hierdie verband
3. **Saadkwaliteit**: Dit is belangrik dat liniêre spermbeweeglikheid en spermorfologie steeds aanvaarbaar is nadat die ejakulaat verdun en verkoel is (vir varssaad KI) of na ontdooiing van bevrore saad.
4. Aksies tydens die **inseminasie prosedure**: Ontdooiing van bevrore saad behoort by die regte temperatuur (35 grade C) en tyd (40 sekondes). Deur die pistolet se punt met die hand warm te maak en 'n sanitêre skede oor die pistolet te gebruik is o.a. belangrik. Deponering van die saad in die voorste deel van die serviks en baarmoederliggaam is algemeen aanvaarde praktyk. Dit is normal vir selfs ervare insemineerders om na ongeveer 30-40 verse of koeie moeg te raak en daarom word 'n ruskans of wisseling van insemineerders sterk aanbeveel. Voorkom stress te alle koste tydens die inseminasie prosedure. Deur veral verse (wat geneig is om wilder te wees) ongeveer 'n week voor die tyd gewoon te maak aan die hanteringsfasiliteit sal goeie vrugte afwerp. Adrenalin en kortisol is vyande van vrugbaarheid en daarom moet vrees, pyn en stress so ver moontlik voorkom word.

In Tabel 1 word aangetoon hoe die kumulatiewe relatiewe persentasie doeltreffendheid van elk van hierdie faktore eintlik 'n additiewe effek het op uiteindelijke konsepsie persentasie. Nie een van die faktore is ooit 100% presies akkuraat nie – en verklaar hoekom dit has onmoontlik is om met een enkele inseminasie 100% konsepsie te verkry nie.

Tabel 1: Hoe die Relatiewe Persentasie Doeltreffendheid van elke belangrike factor die uiteindelijke Persentasie Konsepsie beïnvloed

Sinkronisasie Protokol	Vroulike Vrugaarheid	Saad kwaliteit	Inseminasie prodesure	% Konsepsie
100%	100%	100%	100%	100%
100%	90%	80%	90%	64.8%
80%	80%	80%	80%	40.96%
100%	100%	90%	40%	36%

As 'n 40% doeltreffendheidssyfer die gevolg is van 'n onervare insemineerder(s) of swak KI prodesure, terwyl alle ander faktore relatief hoogs doeltreffend is, kan gesien word hoe dit die uiteindelijke konsepsiesyfer sal beïnvloed. Samevattend toon dit dat daar bykan geen ruimte vir fout is in 'n sinkronisasie en VTKI protokol nie. Gelukkig kan ons elkeen van die faktore redelik maklik aanspreek om uiteindelik 'n aanvaarbare dragtigheidsentasie van bokant 40%, met so hoog as 65% te verkry.

Daar moet gelet word om enige stres na VTKI so veel as moontlik uit te skakel aangesien dit met die herkenning van dragtigheid deur die moeder, wat op ongeveer tussen Dag 8-12 na VTKI plaasvind, gaan inmeng en sal lei tot vroeë embrionale verliese

Tabel 2: Tydskaal van belangrikste gebeure vanaf VTKI (konsepsie) tot geboorte van die kalf

Dag 0	Dag 6	Dag 8-12	Dag 16	Dag 17	Dag 42	Dag 43	Term (Dag ±238)
Konsepsie	Embrio bereik baarmoeder	Herkenning van dragtigheid			Organogenese voltooi		Fetus
Dag 0-16: Vroeë embrionale verliese				Dag 17-42: Laat enbrionale verliese		Aborsies	

Bestuur van 'n oestrus sinkronisasie en VTKI protokol vir die beste resultate eindig dus nie sodra die dier geïnsemineer is nie, maar duur dwarsdeur die dragtigheidsperiode voort totdat die kalf gebore is en uiteindelik oorleef.



BAIE DANKIE AAN ANDRIES GUNTER VAN CEVA VIR DIE BORG VAN ADVERTENSIE - MATERIAAL.

GIZEBO, VLAGGIES EN TEARDROPS

14 Vrae wat die produsent moet aanspreek

om risiko te beperk voordat sinkronisasie vir vaste tyd KI in vleisbeeskuddes aangepak word



Dr Willem A. Schultheiss (Ceva Dieregesondheid) • Tel: 082 323 7019

Sukses met sinkronisasie van estrus om verse of koeie op 'n vaste tyd te insemineer vereis dat sekere bestuurspraktyke soos goeie voeding, ruim voor die tyd in plek moet wees. Sukses is afhanklik van baie faktore waaroor die boer volle

beheer moet neem. Hier volg 'n kontrolelys om moontlike risikopunte aan te spreek. Hoe meer "JA" antwoorde, hoe groter die kans op sukses. Stel die "NEE" antwoorde reg voordat sinkronisasie oorweeg word.

Vrae om die risiko te ontbloot:	JA	NEE
1. Verse: Het hulle teiken teelmasa en -ouderdom bereik?		
2. Koeie: Is hulle minstens 60 dae na kalwing?		
3. Is daar absoluut GEEN moontlikheid dat die beeste ten tye van die sinkronisasie dalk vroegdragtig kan wees nie?		
4. Is die beeste besig om in kondisie toe te neem?		
5. Was weidings- en lekinname voldoende gedurende die laaste 3 maande en gaan dit so voortduur om te voorkom dat daar o.a. 'n relatiewe stikstof- of koolhidraat oorvoeding plaasvind?		
6. Is die beeste gewoon aan die hanteringsfasiliteite en hanteerders?		
7. Word die verskille tussen Bos taurus & Bos indicus en hulle kruisings in ag geneem met die opstel van die protokol deur die veearts?		
8. Word die verskille tussen groeiende verse en volwasse, lakterende koeie in ag geneem in die opstel van die protokol deur die veearts?		
9. As groot getalle diere gesinkroniseer word oor tyd, is daar 'n plan om hulle in groepe in te bring om variasie in tydsverloop tussen implantaat verwydering en KI te beperk?		
10. Word meer as een toediener gebruik en is die ontsmettingstyd per toediener voldoende?		
11. Word 'n nie-irriterende ontsmettingsmiddel soos F10 gebruik om die toediener(s) te ontsmet tussen elke koei/vers?		
12. Word gebruik van piretroïed-bevattende opgiemiddels vermy tydens 'n 3-weke periode voor aanvang van sinkronisasie?		
13. Is die kwaliteit van die saad wat gebruik gaan word bo alle twyfel geveifieer?		
14. Word enige stresvolle hanteringsaksies soos dip, inspuiting en her-groepering van geïnsemineerde diere vermy oor minstens die eerste 3 weke na KI om konsepus verliese te beperk en implantasie te help verseker?		

Advertensies:

30 Braford bulle.
Kommersiële en
stoet dragtige verse.
Dohne Merino Skape

Vrede/Warden

Draaihoek plaas

S27grade47'46.15"
E29grade09'46.89"

Afslaer PM Swart
0839483345
Jan Meaker
0798839760

MEAKER BRAFORDS

8ste PRODUKSIEVEILING

21 Julie 2020 12:00



Onder die beskerming van
die Bestelersgemaatskap

www.meakerbrafords.co.za

Nuusbrokkies:

Ons innige meegevoel aan die Thiele Familie



Alfa, Wild &
Buitelug Week
24 - 26 September
2020
Nampo Park,
Bothaville

VOLKSBLAD – 2019-9-23

Groeiende Alfa-ekspo verskuif na Nampopark

Alet van der Walt

Ná net vier jaar het die Alfa-ekspo so gegroei dat die Afridome in Parys te klein geword het.

Die ekspo gaan voortaan op Nampopark naby Bothaville gehou word, sê Albert Loubser, medeorganiseerder van Alfa.

Loubser het die Alfa-ekspo al beskryf as “die Nampo van veeboere”.

Vanjaar was daar 201 stalletjies op die ekspo, wat Vrydag ten einde geloop het.

Die ekspo, wat in 2016 vir die eerste keer aangebied is, groei so gesond dat hy 'n groter plek daarvoor moes vind.

Vanjaar het 134 telers van hul diere ten toon gestel en nege landbouskole en ses universiteite het aan die ekspo deelgeneem.

Daar was 30 vleis- en 29 melkbeesrasse en 'n rekordgetal van 26 kleinveerasse te sien.

Vyf honderasse, vier vark-rasse, vier perderasse en sewe konynrasse is verteenwoordig en verteenwoordigers van 51

telersgenootskappe was ook op die ekspo.

Bykans 6 000 besoekers, 30% meer as verlede jaar, het vanjaar die ekspo besoek.

In die karkaskompetisie is die meeste nog in Suid-Afrika vir onderskeidelik 'n vark- en 'n beeskarkas betaal.

Die varkkarkas is teen R110/kg en die beeskarkas teen R227/kg verkoop.

Loubser sê die Hinterland-nasionale interrassvleisbeeskampioenskap bly een van die ekspo se hoogtepunte.

Die wenners van die 13 grootste skoue in die land het meegeding om die groot prys.

Dié kampioenbeeste is drie dae lank op die ekspo ten toon gestel.

Vanjaar se Hinterland-nasionale interraskampioenbul is Kanonkop, 'n santa gertrudisbul, wat aan Riaan Lubbe van die Red Barrel Stud behoort.

Die Hinterland-nasionale interraskampioenkoei is Hide-A-Ways Serenade, 'n angus-koei, wat aan Hendrik Delpont van Migdol behoort.

Kalender 2020:

21 JULIE 2020

8ste PRODUKSIEVEILING- 12:00

Meaker Braford's

29 JULIE 2020

OOS – TVL BULVEILING,
ERMELO

25 AUGUSTUS

ANNYSSPRUIT BULVEILING

24 – 26 SEPTEMBER
ALFA WILD & BUITELUG
NAMPO PARK. BOTHAVILLE



26 AUGUSTUS 2020

PRODUKSIEVEILING 11:00

Braford's @ Besters

(Nooitgedacht- & Z4T Braford's)

Stuur so gou as moontlik datums van Boeredae, Opleiding, Veilings ens vir 2020 Kalender!!

Bemerkingsmateriaal

Ons benodig dringend fotos en videos vir bemerking